To promote timely, relevant government communication, a communication centre was established which operates seven days a week, 24 hours a day. The centre continuously monitors all mainstream printed and electronic media to ensure that the Government is timeously informed of communication issues. The services rendered by the centre include, among other things

- immediate activation of Ministries and departments by means of the various liaison officers
- a daily media report
- transcriptions
- assistance to Ministries and departments in preparing and translating media releases
- updating of a government communication calendar
- coordination of communication inputs by departmental and ministerial liaison officers.


MARKETING AND PUBLIC RELATIONS

The services and products of the SACS are promoted by the Marketing and Public Relations division of the Chief Directorate: Support Service. In this way, a cost-effective public service is rendered.


CONCLUSION

The SACS wishes to record its sincere thanks to the umbrella government institutions, in particular the Department of State Expenditure, the Office of the Auditor-General, and the Commission for Administration for the assistance, advice and support provided in establishing commercialisation principles at the SACS.

diplomatieke korps) en sakelui wat oorsee reis, gelewer. 'n Koördinerings- en hulpdienst word ook met betrekking tot internasionale konferensies gelewer. Figuur 19 gee 'n aanduiding van die aantal programme wat per maand opgestel en uitgevoer word.




Figuur 20 gee 'n aanduiding van die aantal gaste wat deur die besoekersdiens by die onderskeie streekkantore hanteer is.



Die volgende tabel gee 'n samevatting van streekkantoorwerkzaamhede en -aksies:

STREEKKANTOORAKSIES							
Streekkantore	KS	PE	JHB	PTA	DBN	BLM	TOTAAL
Saamwerkprosesse geaktiveer	7	2	5	4	2	3	23
Saamwerkprosesse Vorbereiding vir aktivering	221	97	222	60	17	32	649
Vredeskomitee-steun	49	7	4	42	0	3	105
Projekopdragte	297	31	185	212	65	100	890
TOTAAL	574	137	416	318	84	138	1 667

Figuur 18 gee 'n aanduiding van die streekkantore se dienslewering:




SA BESOEKERSDIENS

Die Besoekersdiens beplan en koördineer programme vir buitelandse besoekers en hanteer hulle hoofsaaklik namens die Departement van Buitelandse Sake. Hierbenewens word 'n inligtingsdiens aan buitelandse persattachés (lede van die

mediaverklarings word met die tussenkoms van dié direktoraat hanteer. Byna alle owerheidsmediakonferensies word ook gefasiliteer. Met die opening van die Parlement is 'n suksesvolle mediavorligtingsweek vir die binnelandse en buitelandse media gereël. Aansienlike wêreldwye mediadekking is hierdeur vir owerheidsinstellings en die deelnemers van die verskillende politieke groepe verseker. Die dienste en produkte wat gelever word, sluit in:

- mediabeplanning
- media-advies
- uitreik van mediaverklarings
- reël van media-onderhoude
- deurlopende opdatering van 'n mediakontaklys
- reël van parlementêre voorligtingsweek.

Figuur 17 gee 'n uiteensetting van die direktoraat se dienslewering funksie.



DIREKTORAAT STREEKSKAKELDIENS

Die Direkoraat Streekskakeldiens is verantwoordelik vir die oorhoofse bestuur en ondersteuning van die SAKD se streekkantore. Dit behels onder andere die koördinerings van lang- en korttermynprojekte, die beplanning en fasilitering van intergroepsaamwerkprosesse in gemeenskappe en skakeling tussen hoofkantoor-komponente en streekkantore.


Streekkantore

Die SAKD het ses streekkantore en 13 satellietkantore. Hulle is deurlopend betrokke by die inisiëring en ondersteuning van intergroepsaamwerkprosesse, die uitvoering van projekopdragte, soos voorligtings oor menseregte en vigs, en ondersteuning aan streek- en plaaslike vredeskomitees.

DIREKTORAAT PROJEKBESTUUR

Die direktoraat ondersteun die owerheidskommunikasiefunksie deur middel van 'n projekbestuursdiens. In samewerking met owerheidsinstellings is meer as 100 kommunikasieprojekte op die staatkundige, ekonomiese, maatskaplike en vredesterrein geïnisieer, beplan en suksesvol uitgevoer. Op staatkundige terrein is byvoorbeeld twee langtermyn oorkoepelende kommunikasieprojekte aangepak. Die Staatkundige Ontwikkelingsdiens, in samewerking met die SAKD, het reeds meer as 335 voorligtingsessies en werkwinkels landwyd aangebied om die openbare debat oor onderhandelinge te stimuleer en gemeenskappe bewus te maak van 'n positiewe onderhandelingskultuur en om onderhandelingsvaardigheid te ontwikkel. Verder is daar, in samewerking met die SA Regskommissie, reeds 95 werkwinkels/seminare landwyd aangebied in 'n strewende om 'n menseregte kultuur te vestig.

Hoewel die direktoraat primêr by die beplanning van kommunikasieprojekte betrokke is, gebeur dit ook dikwels dat owerheidsinstellings om ondersteuning in die uitvoering van projekte vra. 'n Voorbeeld hiervan is die multimedia-kommunikasieveldtog ter bevordering van referendumdeelname wat ten tye van die referendum namens die Departement van Binnelandse Sake bestuur is. Van die totale koste van die veldtog, R1 012 657, het die SAKD R602 112 uit eie fondse bygedra. Figuur 16 gee 'n uiteensetting van die bedryfskoste met betrekking tot hierdie veldtog.



DIREKTORAAT MEDIASKAKEL


Die Direktoraat Mediaskakel verleen kommunikasiesteun aan owerheidsinstellings in hul dag-tot-dag skakeling met die media. Sowat 70% van die owerheid se

HOOFDIREKTORAAT GEMEENSKAPSKAKEL

Die Hoofdirektoraat Gemeenskapskakel bestaan uit ses direkte te Hoofkantoor, ses streekkantore (Bloemfontein, Durban, Johannesburg, Kaapstad, Port Elizabeth en Pretoria) en 13 satellietkantore.

DIREKTORAAT NAVORSING

Die Direktoraat Navorsing bestaan uit twee subdirektore, naamlik Marknavorsing en die Informasiediens. Die begroting ten opsigte van professionele dienste beloop R2 340 738 en is aangewend soos in Figuur 15 aangetoon.



Die behoefte aan kommunikasienavorsing het die afgelope jaar konstant toegeneem, soos blyk uit die feit dat 27 studies in die vorige verslagjaar onderneem is teenoor 75 in die huidige verslagjaar.


Navorsing op die volgende terreine word vir 1993 beplan:

- die veranderlikes onderliggend aan die intergroepsaamwerkprosesse
- staatkundige hervorming en die onderhandelingsproses
- produk-, diens- en projekevaluering
- teikenontledings ter voorbereiding vir kommunikasieprojekte.

Die Informasiediens samel inligting oor 'n wye reeks onderwerpe in, berg dit rekenaarmatig en stel dit beskikbaar aan kliënte. Die produkte wat gelewer word, is op geïdentifiseerde behoeftes afgestem, byvoorbeeld 'n departementele gids en 'n kontaklys vir die media. 'n Ontleding van kliëntnavrae toon dat 46% uit die SAKD afkomstig is, 34% van die publiek en 20% van ander owerheidsinstellings.

Figuur 13

URE BESTEE AAN ANDER STAATSDEPARTEMENTE




Die uitstillingsafdeling was gemoeid met 259 nasionale en streekskoue, asook 'n groot aantal ander uitstillings vir verskillende departemente en instellings, soos in Figuur 14 uiteengesit. Die afgelope jaar is twee besonder geslaagde uitstillings in Seville en Dubai in opdrag van die Departement van Buitelandse Sake beplan en opgerig.


Die direkte uurlikse koste van die kunsafdeling beloop R106,05 teenoor die R145 tot R170 per uur in die privaatsektor.

Figuur 14

UITSTALLINGS Dienslewering




Bovermelde inkorting het ook besparings op die goedgekeurde diensstaat meegebring. Die subdirekoraat probeer voortdurend sy dienste en produkte op die kostedoeltreffendste wyse te lewer. Figuur 11 toon die verskil tussen die begroting en die markverwante prys van produkte gelewer.




Kuns en Uitstillings

In belang van kostedoeltreffendheid is die subdirekorate Grafiese Diens en Uitstillings saamgevoeg tot die Subdirekoraat Kuns en Uitstillings. Die subdirekoraat se primêre verantwoordelikhede is bladuitleg, grafiese ontwerp en die beplanning, ontwerp en oprigting van uitstillings.


Die subdirekoraat lewer sy dienste aan die SAKD en ander owerheidsinstellings. Die ure aan kliënte bestee, word in Figure 12 en 13 weerspieël.



Die produkte van dié subdirekoraat is aangewend soos in Figuur 9 uiteengesit.



As gevolg van die afbestuur van staatsuitgawes het die getal fotosendings 'n afname teenoor die vorige verslagjaar getoon. Figuur 10 gee 'n uiteensetting hiervan.



redaksie van vier, voorsien die plaaslike pers en streekradio deurlopend van nuus oor owerheidsaangeleenthede. Ongeveer 150 koerante word so bereik.

Finansies

Die posisie ten opsigte van die sewe SAKD-koerante is soos volg:

Light/Khanya - Streekkantoor Pretoria. Voertaal Engels, vir verspreiding in Noord- en Oos-Transvaal. Redaksie van drie. Oplaag 170 000. Begroting R417 000. (Oplaag sedert Desember 1992 tot 90 000 gerasionaliseer.)

Metropolitan Digest - Streekkantoor Johannesburg. Voertaal Engels, vir verspreiding in die metropolitaanse gebiede van die Witwatersrand en Vereeniging. Redaksie van drie. Oplaag 130 000. Begroting R214 000. (Oplaag sedert Desember 1992 tot 60 000 gerasionaliseer.)

Vision - Streekkantoor Durban. Voertaal Engels, vir verspreiding onder die Asiërbevolking van Natal. Redaksie van drie. Oplaag 40 000. Begroting R190 000. (Oplaag sedert Desember 1992 tot 35 000 gerasionaliseer.)

Izindaba - Streekkantoor Durban. Voertaal Zoeloe, vir verspreiding in Natal. Redaksie van *Vision* tree ook as redaksie van dié koerant op. Oplaag 40 000. Begroting R166 000. (Oplaag sedert Desember 1992 tot 35 000 gerasionaliseer.)

Umso - Streekkantoor Port Elizabeth. Voertaal Engels en Xhosa, hoofsaaklik vir verspreiding in Oos-Kaapland. Redaksie van drie. Oplaag 110 000. Begroting R289 500. (Oplaag sedert Desember 1992 tot 60 000 gerasionaliseer.)

Karet/Caret - Streekkantoor Kaapstad. Voertaal Afrikaans en Engels, hoofsaaklik vir verspreiding in die Kaapse Skiereiland. Redaksie van vier. Oplaag 120 000. Begroting R294 900. (Oplaag sedert Desember 1992 tot 90 000 gerasionaliseer.)

Puisano - Streekkantoor Bloemfontein. Voertaal Afrikaans, Engels en Sotho, vir verspreiding in die Vrystaat en gedeeltes van Noord-Kaapland. Redaksie van drie. Oplaag 90 000. Begroting R219 100. (Oplaag sedert Desember 1992 tot 80 000 gerasionaliseer.)

'n Nuwe korporatiewe beeld is in die loop van die jaar by al sewe koerante gevestig, onder meer deur die ontwerp van nuwe mashoofde.

DIREKTORAAT OUDIOVISUELE DIENS

Film en Video

Die produksie van die Subdirektoraat Film en Video het 'n beduidende toename teenoor die vorige verslagjaar getoon. Daar is 22% meer produkte as in die vorige verslagjaar gelewer, naamlik:

- 24 videoprogramme
- 3 skyfie-klankprogramme
- 6 TV-flitse
- 15 radioflitse

Die gemiddelde koste van die videoproduksies was R1 085 per minuut, wat sowat 64% laer is as die geprojekteerde markverwante waarde van R3 000 per minuut. Videoprogramme is vervaardig om, onder andere, gesonde intergroepverhoudinge te bevorder. SAUK-TV het van hierdie programme uitgesaai.

Die subdirektoraat is ook daarop ingestel om sy produkte aan ander staatsdepartemente en -instellings te lewer en om departemente en instellings van gespesialiseerde advies te dien. Die subdirektoraat oorweeg maniere waarop die radio as kommunikasiemedium beter benut kan word gedurende 1993.

Die volgende tabel gee 'n opsomming van die totale aantal bladsye, die oplaag, die drukkoste en die koste per eksemplaar van bogenoemde twee tydskrifte.

Titel	Getal bl	Oplaag	Drukkoste	Koste/eks
SA Panorama	484	238 942	R1 453 514	R6,08
SA Today	336	180 000	R448 550	R2,49

Beleidskommunikasie

Twee publikasies is in die verslagjaar deur dié subdirektoraat bedryf, naamlik *RSA-Beleidsorsig/RSA Policy Review* en *Beleidsgids/Policy Guide*.

RSA-Beleidsorsig

RSA-Beleidsorsig/RSA Policy Review is 'n publikasie waarin, soos die titel aandui, regeringsbeleid en -inisiatiewe in die vorm van onderhoude en artikels uitgedra word. Dit bied 'n oorsig van beleidsrigtings en belangrike beleidsverklarings.

Die publikasie is veral van nut vir politici, akademici, navorsingsinstansies, die media en staatsdepartemente. Artikels en belangrike onderhoude word dikwels reeds voor verskyning in die blad aan die media beskikbaar gestel.

Tot Julie 1992 het die publikasie tien keer per jaar in afsonderlike Engelse en Afrikaanse uitgawes verskyn. Sedert die Augustus-uitgawe is die twee uitgawes tot een saamgevoeg met artikels in een amptelike taal en 'n opsomming in die ander. Die samevoeging van die twee tydskrifte het onder meer meegebring dat die personeel minder tyd aan vertalings en meer aan die samestelling van die publikasie kon bestee.

Die tydskrif se oplaag beloop sowat 3 500. Die Departement van Buitelandse Sake het ongeveer 1 000 eksemplare vir verspreiding aan Suid-Afrikaanse missies gekoop, maar dié reëling is in Julie 1992 gestaak as gevolg van die gebruik van sowel Engels as Afrikaans in een publikasie.

Die begroting vir die publikasie beloop R203 000. Die direkte eenheidskoste was R4,50.

Beleidsgids

Dié nuusblad, wat elke twee weke verskyn, hou senior staatslui op die hoogte van ontwikkelinge in regeringsbeleid, die staatkundige proses en ander beleidsake wat vir hulle van belang is.

Die blad is wyd in aanvraag en die oplaag, wat steeds groei, is ongeveer 9 500. Die begroting beloop R1 15 000. Die direkte eenheidskoste was R0,44.

Massakommunikasie

Ten einde die hoogste mate van finansiële doeltreffendheid en koördinerende van bestuurs- en joernalistieke aktiwiteite binne die SAKD se sewe streekkoerante te verseker, is die Subdirektoraat Massakommunikasie met ingang van 1 April 1992 te Hoofkantoor gevestig.

Personeel

Benewens die redaksielede by elk van die SAKD-streekkoerante, beskik die subdirektoraat ook oor 'n sentrale redaksie van drie lede. Laasgenoemde voorsien die SAKD-koerante van regeringsnuusitems. Die SAKD-Nuusdiens, met 'n

243

vanjaar gelyktydig in Afrikaans en Engels uitgegee word. Ongeveer R60 000 is sodoende aan drukkoste bespaar en die redaksie is met een personeellid verminder. Die volgende brosjures en voubiljette is ook op versoek van die SAKD en ander staatsdepartemente in 1992 geproduseer:

Titel	Getal bl	Oplaag	Drukkoste	Koste/eks
This is South Africa	190	112 300 98 000	Gefinansier deur Buitelandse Sake R392 000	R4,00
Lessenaarkalender '93	58	7 000	R119 000	R17,00
Jaarverslag 1991	24	750	R10 500	R14,00
South African Profile	40	25 000	R31 250	R1,25
Tuynhuys (A/E-herdruk)	56	5 000	R30 000	R6,00
The Muslims of South Africa	12	10 000	Gefinansier deur Buitelandse Sake	
South Africa Invest in the mineral industry	44	10 000	R30 130	R3,01
Conservation in SA Challenges and achievements	20	10 000	Gefinansier deur Buitelandse Sake	
Die Ou Raadsaal (A/E) (brosjure en pamflet)	40	4 000	Gefinansier deur Onderwys en Kultuur: Volksraad	
Die SA Regering se benadering tot die grondwetlike proses en tot 'n nuwe grondwet (A/E)	10 panele	25 000	R7 950	R0,32
Nasionale kommunikasiebeleid en -strategie (A/E)	18 panele	6 000	R6 000	R1,00
South Africa at a glance	22 panele	300 000	Gefinansier deur Buitelandse Sake	
Onderwysnuusbriewe (3)	12	976 000	Gefinansier deur Onderwys en Kultuur: Volksraad	
South Africa: A glimpse	2	6 000	R600	R0,10

Tydskrifte

Die subdirektoraat het die twee tydskrifte *Suid-Afrikaanse Panorama/South African Panorama* en *Southern Africa Today* gepubliseer.

SA Panorama


Ses uitgawes van *SA Panorama* in albei amptelike tale met 'n totale oplaag van 238 942 en 'n drukkoste van R1 453 514 (R6,08 drukkoste per eksemplaar) is uitgegee. Die publikasie van *SA Panorama* is met die uitgawe van Januarie/Februarie 1993 gestaak.

SA Today

Agt uitgawes met 'n totale binnelandse oplaag van sowat 180 000 en 'n drukkoste van R448 550 (R2,49 drukkoste per eksemplaar) is uitgegee. Sowat 58% van die totale oplaag van die tydskrif is deur die Departement van Buitelandse Sake aangekoop vir buitelandse verspreiding. Die publikasie van *SA Today* is met die uitgawe van Desember 1992 gestaak.

Gelyke geleentehede

Figuur 8 weerspieël die persentasieverhouding van mans tot dames in die onderskeie poste op die diensstaat van die SAKD.



FUNKSIONELE BEDRYWIGHEDE

Die funksionele bedrywighede van die SAKD word vervolgens toegelig onder die twee betrokke hoofdirekorate.


HOOFDIREKTORAAT MEDIAPRODUKSIE

Die Hoofdirekoraat Mediaproduksie bestaan uit die Direkoraat Publikasies en die Direkoraat Oudiovisuele Diens. Die Direkoraat Publikasies is onderverdeel in die subdirekorate Boeke en Brosjures; Tydskrifte; Beleidskommunikasie; en Massakommunikasie. Die Direkoraat Oudiovisuele Diens bestaan uit die subdirekorate Film en Video; Kuns en Uitstallings; en die Fotografiese Diens.

DIREKTORAAT PUBLIKASIES

Boeke en Brosjures

Dié subdirekoraat het vanjaar weer die *Amptelike Jaarboek* in albei amptelike tale uitgegee. 'n Oplaag van 13 100 teen 'n drukkoste van R179 560, dit wil sê R13,71 drukkoste per eksemplaar, is gedruk. Hiervan het die Departement van Buitelandse Sake 7 600 aangekoop vir buitelandse verspreiding. Die res is binnelands bemark. Deur die bladuitleg self met behulp van die rekenaar te doen, kon die Jaarboek




Op versoek van die KVA het die SAKD ook verantwoordelikheid aanvaar vir die toekomstige aanbieding van die kursus in skakelopleiding vir alle skakel-/kommunikasiepersoneel in die Staatsdiens.

Organisasie en Dienstaat

Die implementering van besigheidsbeginsels het genoodsaak dat daar indringend na die SAKD se goedgekeurde diensstaat gekyk moes word.

Aan die hand van onder meer natuurlike personeelvermindering as gevolg van bedankings, aftrede en ander, asook formele werkstudie-ondersoeke, is die SAKD se diensstaat in 'n meer realistiese verhouding tot die totale beskikbare fondse vir personeel en bedryfskapitaal gebring.

Gedurende 1992 is begin met die afskaffing van 72 poste (waarvan 13 vroeg in 1993 gefinaliseer sal word) met 'n totale teoretiese besparing (sommige poste was vakant) van R1 974 973 (Figuur 5). Die gemelde verskraling verteenwoordig 12,3% van die totale diensstaat.



Aanstellings en Dienseindigings

Vergeleke met 1991 het aanstellings in die SAKD gedurende 1992 met 66,7% afgeneem. Slegs 33 aanstellings is gedurende die verslagjaar gedoen. Figuur 6 gee 'n vergelyking tussen aanstellings en dienseindigings sedert 1989 en Figuur 7 gee 'n uiteensetting van die redes vir uitdienstredings.

Drakoste-eenhede

Vanweë die realiteit dat ondersteuningskomponente nie wins genereer nie, maar in geheel drakoste-eenhede is, is 1992 gekenmerk deur die maksimale vaartbelyning daarvan. Personeelgetalle in daardie komponente is realisties verminder en in verhouding gebring tot die bedryfsfondse wat vir die SAKD vir die boekjaar 1992/93 begroot is.


Maksimale klem is gelê op dienslewering, advies en ondersteuning aan lyn-funksionarisse. Daardeur is hulle in staat gestel om hul taak meer effektief en kostedoeltreffend te verrig.

Bestuurselfstandigheid

Bestuurselfstandigheid is ooreenkomstig die riglyne van die eksterne rolspelers (Ouditeur-generaal, Kommissie vir Administrasie en Departement van Staatsbesteding) tot op die laags moontlike vlak van uitvoering in die SAKD afgewentel. 'n Raamwerk vir gereelde gestruktureerde prestasie-ouditinspeksies word in oorleg met die Ouditeur-generaal se Kantoor ontwikkel om te verseker dat bestuurselfstandigheid verantwoordelik toegepas word.

Opleiding

Die bestuur van verandering in die SAKD het groot eise aan die organisasie se relatief klein opleidingskomponent gestel. Aangesien talle opleidingsmodules aangepas en van meet af aan ontwikkel moes word om in 'n besigheidsbeginselmilieu relevant te kan wees, is by die Kommissie vir Administrasie (KVA) se Instituut vir Opleiding toestemming verkry om gedurende 1992 prioriteit te verleen aan opleiding wat aan die SAKD se veranderde behoeftes voldoen. Altesaam 75 beamptes het kursusse by die instituut deurloop terwyl 213 die SAKD se eie kursusse soos in Figuur 4 aangedui, deurloop het.



Omdat die relatiewe koste van die SAKD se streekaktiwiteite 51,4% van sy totale koste verteenwoordig (Figuur 3), is spesiale aandag aan die optimalisering van streekskakeleksies bestee.



Dienste en Produkte

Verantwoordelikhedsbestuurders is toenemend op die hoogte van die presiese aard en omvang van die totale koste van elk van die produkte en dienste wat hulle lewer, asook wat die markverwante waarde daarvan is. Daardie inligting is noodsaaklik om te verseker dat die waarde van die produkte of dienste wat gelewer word uiteindelik groter sal wees as die koste daaraan verbonde.

Tydstaatstelsel

'n Tydstaatstelsel is met ingang van 1 April 1992 geïmplementeer. Daarvolgens kan die werklike tyd wat personeel aan hul produkte en dienste bestee, bepaal en verreken word. Dit is noodsaaklik om besigheidseenhede in staat te stel om tyd in verhouding tot doelwitte verantwoordbaar te evalueer.


Bestuursinligtingstelsel

Verskeie prototipes gerekenariseerde bestuursinligtingstelsels wat Bestuur in staat stel om vinnige en verantwoordbare besluite te neem, is tans by die SAKD in gebruik.

Met die oog op die integrering van die verskillende SAKD-stelsels met mekaar, asook met die Staatsdiens se gesentraliseerde Finansiële Bestuurstelsel (FBS), die Personeel- en Salarisstelsel (PERSAL) en die Voorsieningsadministrasieselsel (VAS), is daar reeds ver gevorder met die ontwikkeling van 'n rekenaarondersteunde Meesterstelselplan (MSP).


SHS

Figuur 1
VERDELING VAN PERSONEELKOSTE
Administratiewe personeel vs Lynfunksionarisse



Personeeluitgawes het 58,3% van die SAKD se totale koste beloop (Figuur 2). Om 'n beter balans tussen personeel- en ander uitgawes te bewerkstellig, het Hoofbestuur 'n omvattende werkstudie-ondersoek gelas. Voortspruitend hieruit is 'n proses van verantwoordelike rasionalisering geïmplementeer.

Figuur 2
VERDELING VAN TOTALE KOSTE
Personeel vs bedryfskoste



INLEIDING

Die Suid-Afrikaanse Kommunikasiediens (SAKD) se VISIE en MISSIE vergestalt die Regering se verantwoordelikheid om mense op grondvlak in te lig sonder om inbreuk te maak op die keuse- en besluitnemingsvryheid van individue.

Gedurende die verslagjaar het die SAKD opnuut sy missie in oënskou geneem en volle verantwoordelikheid aanvaar vir die verskaffing van 'n gekoördineerde en kostedoeltreffende owerheidsinligtingsdiens aan die bevolking.

Die visie en missie van die SAKD is daarom soos volg geformuleer:

VISIE

INGELIGTE EN BETROKKE GEMEENSAPPE TER WILLE VAN VREDE EN VOORSPOED

MISSIE

OM 'N GEKOÖRDINEERDE EN GESPECIALISEERDE OWERHEIDSINLIGTINGSDIENS KOSTEDOELTREFFEND TE LEWER TEN EINDE DIE BINNELANDSE BEVOLKING INTE LIG EN TE BETREK ASOOK, OP VERSOEK, SO 'N DIENS AAN BUITELANDERS TE LEWER

KOMMERSIALISERING


Om dié inligtingsdiens op die kostedoeltreffendste wyse te lewer, het die SAKD voortgebou op sy ingeslane weg van kommersialisering en is daar die afgelope verslagjaar groot vordering gemaak met die implementering en verdere vestiging van kommersialiseringsbeginsels in die SAKD.

Om 'n koste-ontleding van sy dienste en produkte te kon maak, was dit nodig om, aanvullend tot die Finansiële Bestuurstelsel (FBS), gedetailleerde besighedsplanne vir elk van die 34 besighedeensehede waarin die SAKD opgedeel is, op te stel.


'n Ontleding van die SAKD se uitgawe aan personeel het getoon dat 46,5% daarvan aan administratiewe uitgawes bestee word (Figuur 1). Hiervan verteenwoordig uitgawes aan streekkantooradministrasie 24,9% en aan Hoofkantooradministrasie 21,6%.

97E

ORGANISASIESTRUKTUUR VAN DIE SUID-AFRIKAANSE KOMMUNIKASIEDIENS (SAKD)




HOOFBESTUUR VAN DIE SAKD



Mnr DP Venter

Hoof: Suid-Afrikaanse Kommunikasiediens




Mnr AP Oberholzer

Hoofdirekteur
Ondersteuningsdiens



Mnr JM Smith

Hoofdirekteur
Mediaproduksie



Mnr W Cook

Hoofdirekteur
Gemeenskapskakeel



Mnr DJ van der Merwe

Direkteur
Administrasie

VOORWOORD

Die Suid-Afrikaanse Kommunikasiediens (SAKD) het gedurende die tydperk 1 Januarie 1992 tot 31 Desember 1992 verder gevorder in sy vestiging van 'n sakegeoriënteerde benadering om 'n kostedoeltreffende, professionele en betroubare kommunikasiediens te verseker. Die regering van die dag en die Staatsdiens is daardeur in staat gestel om hul verantwoordelikheid na te kom om die publiek oor sowel regeringsbeleid en die implikasies daarvan in te lig, as oor dienste wat die owerheid verskaf.

Gedurende die afgelope jaar het die SAKD op eie inisiatief sy personeel en poste aansienlik ingekort. Hierdeur is 'n beter balans tussen personeel en bedryfskoste verkry en 'n toename in die nuwe finansiële jaar se begroting voorkom. Ongelukkig het dit meegebring dat van die personeel gerasionaliseer moes word. Hoewel die rasionalisasie met empatie hanteer is, het dit noodwendig beroepsonsekerheid in die hand gewerk en 'n tydperk van konsolidasie genoodsaak. 'n Verdere belangrike verwikkeling was die besluit om die produksie van *Southern Africa Today*, *Suid-Afrikaanse Panorama* en die *Kalender* te staak, omdat hierdie publikasies nie meer aan die behoeftes van die breë Suid-Afrikaanse gemeenskap voldoen het en nie kostedoeltreffend was nie. *Southern Africa Today* en *SA Panorama* word binnekort vervang deur onderskeidelik 'n kruiskulturele jeugtydskrif en 'n kwartaalblad wat oor spesifieke onderwerpe van nasionale belang sal handel, soos toerisme, die vervaardigingsbedryf en die jaar van die gesin. In die geval van laasgenoemde publikasie sal die deelnemende departemente die koste dra. Die gemeenskapskakelfunksie wat aan die SAKD oorgedra is, het voorrang geniet. Deur as fasiliteerder op te tree om gemeenskappe oor die grense van kunsmatige skeidings bymekaar te bring, help verseker die SAKD in toenemende mate dat 'n betekenisvolle debat oor die toekoms van gemeenskappe ook op grondvlak plaasvind. Die toename in kontak en wedersydse begrip wat hierdeur bewerkstellig word, is baie bemoedigend. Beduidende suksesse is reeds behaal en 'n groeiende behoefte aan sulke inisiatiewe word ondervind.

As deel van 'n volgehoue proses om owerheidskommunikasie en -reaksie oor die algemeen te verbeter, het die SAKD onlangs 'n kommunikasiesentrum gevestig wat 24 uur per dag, sewe dae per week diens lewer. Alle hoofstroom gedrukte en elektroniese media word deurlopend gemoniteer sodat die owerheidskommunikasiebehoeftes en -geleenthede betyds kan identifiseer. Die vestiging van dié sentrum is 'n aanduiding van die waarde wat die Regering heg aan die media as barometer van die openbare mening en die behoeftes van die samelewing. Benewens bogenoemde aktiwiteite, lewer die SAKD 'n wye verskeidenheid van kommunikasiedienste en -produkte. Hierdie verslag bevat meer inligting daaroor.

Die SAKD is al hoe beter toegerus om daartoe by te dra dat Suid-Afrika hom gereed maak om 'n demokratiese toekoms tegemoet te gaan waarin alle Suid-Afrikaners na vrede en voorspoed kan uitsien. Die vraag oor hoe alle Suid-Afrikaners beter gedien kan word, is vir alle personeellede van kernbelang.



Aan die Minister van Staatkundige
Ontwikkeling en van Kommunikasie

Ek het die eer om die Jaarverslag van
die Suid-Afrikaanse Kommunikasiediens
vir 1992 voor te lê

DP VENTER

Hoof: Suid-Afrikaanse
Kommunikasiediens